the LIGHTHOUSE

PRESCHOOL/KLEUTERSKOOL

**OOREENKOMS OM SKOOLFONDS TE BETAAL**

Aangegaan deur en tussen The Lighthouse Kleuterskool en DIE OUER/VOOG/BORG (soos onder voltooi). (In die geval waar die ouers geskei is, kan ’n tweede vorm verkry word vir vertroulikheidsdoeleindes).

| NAAM EN VAN VAN LEERDER IN THE LIGHTHOUSE | OUDERDOM | ADMIN NR. |
|---|---|---|
| | | |

**BETALINGSOPSIES:**

Ons onderneem om skoolfonds soos volg te betaal (dui u keuse met ’n X in die blok aan)

- ☐ Jaarlikse betaling (1 maand skoolgelde afslag)
- ☐ Kwartaallikse betaling (betaalbaar gedurende die 1ste maand van elke kwartaal)
- ☐ Maandelikse betalings

**SELFOONNOMMER**: ________________ (vir belangrike SMS-boodskappe)

| **TITEL** (dui met X aan) | **MNR.** | **MEV.** | **MEJ.** | **DR.** | **PROF.** |
|---|---|---|---|---|---|
| **VOLLE NAME** (soos op ID) | | | | | |
| **VAN** | | | | | |
| **IDENTITEITSNOMMER** | | | | | |
| **WOONADRES** (huis)<br>(domicilium citandi et executandi) | | | | | |
| **POSADRES**<br>(indien verskil van woonadres) | | | | | |
| **TELEFOONNOMMER** | (S) | | (W) | (H) | |

GETEKEN te ______________ op hierdie ____ dag van 20__

___________________ ___________________

OUER 1/VOOG OUER2 /VOOG

(HANDTEKENING VAN BEIDE OUERS WORD VERLANG)

0837939670
info@thelighthousepreschool.co.za
www.thelighthousepreschool.co.za
41 Glenwood Road, Lynnwood Glen

Lighting The Way For Little Hearts

Mkonmjnjnnijnuujuj

# OOREENKOMS

## 1. INLEIDING

1.1 Skoolfonds is jaarliks of maandeliks vooruitbetaalbaar aan die begin van die nuwe skooljaar / maand. The Lighthouse is bereid om betaling van skoolfonds ooreenkomstig hierdie ooreenkoms te aanvaar. ’n Verslapping of toegewing word nie geag ’n afstanddoening deur The Lighthouse te wees van enige van sy regte om streng nakoming van die betaling van skoolfonds af te dwing nie en so ’n verslapping of toegewing is ook nie ’n novasie van enige van die bedinge en voorwaardes van hierdie ooreenkoms nie.

## 2. ONDERNEMING

2.1 Ek/Ons, die ondergetekende, erken hiermee verantwoordelikheid vir die jaarlikse/maandelikse skoolgeld en ek/ons onderneem om die jaarlikse/maandelikse skoolgeld te betaal.

2.2 Ek/Ons onderneem verder:

2.2.1 Om die skoolgeld stiptelik in ooreenstemming met die bepalings van hierdie ooreenkoms te betaal;

2.2.2 Om die skool ten minste **30 (dertig) dae skriftelik kennis te gee indien ’n leerder die skool gaan verlaat** en waar ek/ons nalaat om dit te doen stem ek/ons in om skoolfonds pro rata vir ’n tydperk van 30 (dertig) dae, nadat die leerder die skool verlaat het, aan die skool te betaal.

2.3 Ek/Ons onderneem verder:

2.3.1 Debietorder (reël met u bank – sien par. 2.4 vir bankbesonderhede)

2.3.2 Direkte deposito in die skool se bankrekening (sien par. 2.4 vir bankbesonderhede)

2.3.3 Betaling by die skool (slegs bankgewaarborgde tjeks of kontant word aanvaar)

**BANKBESONDERHEDE:** **Verwysing - Kleuter se naam en van**

Rek Naam:

Bewys van betaling moet na info@thelighthousepreschool.co.za gestuur word.

*(Stuur asb. bewys van betaling aan die skool . Ons kan nie verantwoordelikheid aanvaar waar depositostrokies of verwysingsnommers verkeerdelik voltooi is nie en fooie nie na die regte leerder se rekening geallokeer kan word nie).*

## ***3*** <u>VERSUIM</u>

3.3 Sou u nalaat/versuim om betalings ooreenkomstig met hierdie ooreenkoms te maak, word die uitstaande balans van die jaar/tydperk se skoolgeld onmiddellik opeisbaar en betaalbaar.

*3.4* Sou u nalaat om betalings ooreenkomstig met hierdie ooreenkoms te maak, mag The Lighthouse:

3.4.3 regsaksie teen u instel vir invordering van die uitstaande skoolgeld, sonder enige vooraf kennisgewing, in welke geval u verantwoordelik sal wees vir die koste op 'n prokureur en kliënt-skaal, insluitend invorderingskommissie en spoorgelde

3.4.4 nie-betaling aan 'n kredietburo rapporteer.

3.5 'n Sertifikaat wat deur die skoolhoof of tesourier geteken is, sal as *prima facie*-bewys dien van enige bedrag uitstaande in terme van hierdie ooreenkoms.

## 4 <u>ALGEMEEN</u>

4.3 Ouers/voogde sal gesamentlik en/of afsonderlik aanspreeklik wees vir die betaling van skoolgeld.

4.4 The Lighthouse behou hulle regte om skoolgeld jaarliks te verhoog/vermeerder en om die ouers dienooreenkomstig daarvan te verwittig nie later as Oktober van die vorige jaar nie.

4.5 Hierdie ooreenkoms moet deur beide ouers geteken word.

4.6 Geen variasie of wysiging van hierdie ooreenkoms sal enige krag of effek hê, tensy dit skriftelik en deur die ouers/voogde en skool geteken is nie.

4.7 Ek/Ons kies die bogenoemde adres as my/ons **domicilium citandi et executandi.**

4.8 Die skool mag 'n kredietnavraag en/of 'n kredietinligtingsoek aangaande die ouer/s by 'n kredietburo, persone wat as hulle agente optree of ander kredietverskaffers doen.

________________________ ________________________

OUER1/VOOG OUER 2/VOOG